

Die Universele Brief van

JAKOBUS



The Universal Epistle of

JAMES



THE UNIVERSAL EPISTLE OF JAMES

James is the Greek form of Jacob, meaning "supplanter". He was a half-brother of Jesus and called himself "... as servant of God and of the Lord Jesus Christ, ... (James 1:1). From the first verse it is also apparent that James was writing to Jews scattered outside of Jerusalem. This book is considered the Proverbs of the New Testament because of the wisdom it contains.

But whosoever has looked attentively into the perfect law of liberty and has persevered in it, not being a forgetful hearer, but a doer of the work, the same shall be blessed in their deed.

If anyone among you thinks to be religious and does not bridle his tongue, but deceives his own heart, his religion is vain.

James 1:25-26

James deals with five basic problems faced by all Christians;

Impatience in difficulties – James 1:1-4

Taking, but not living, the truth – James 2:14

Control of the tongue – James 3:1

Fighting and coveting – James 4:1

Collecting material toys – James 5:1

The message of James is to "be a victor" and not a "victim".

Seeing Jesus in James

In the Book of James, Jesus is seen as the "perfect gift".

Tremendous emphasis on wisdom and maturity is put on wisdom and maturity in God. Therefore the theme of James is Spiritual Maturity (James 1-4)

The five marks of Maturity;

Patience in Testing – James 1

A Mature Christian Practices Truth in Relationship – James 2

Power over the tongue – James 3

A Peacemaker – not a troublemaker – James 4

Prayer for our troubles – James 5

- Economic troubles – James 5:1-9
- Physical troubles – James 5:10-16
- International troubles – James 5:17, 18
- Church troubles – James 5:19, 20

The Universal Epistle of

James

Jubilee English

Die Universele Brief van

Jakobus

Jubilee Afrikaans

Greeting

1 James [Gr. Jacob] a slave of God and of the Lord Jesus, the Christ, to the twelve tribes which are scattered abroad, greeting.

Testing of Your Faith

² My brethren, count it all joy when ye fall into diverse trials,

³ knowing that the proving of your faith works patience,

⁴ and the patience finishes the work, that ye may be perfect and entire, not lacking in anything.

⁵ And if any of you lacks wisdom, let them ask of God (who gives abundantly to all, and without reproach), and it shall be given them.

⁶ But ask in faith, not doubting anything. For he that doubts is like the wave of the sea which is driven of the wind and is tossed from one side to another.

⁷ For let not such a man think that he shall receive anything of the Lord.

⁸ The double minded man is unstable in all his ways.

⁹ Let the brother of low degree rejoice in his high status;

Groete

1 Jakobus [Gr. Jakob], 'n slaaf van Adonai en YHWH, Yahshua die Christus, aan die twaalf stamme wat versprei is in die buiteland (wêreld) [tussen die Heidene in die verstrooiing¹], groete.

Toets van Jou Geloof

² My broers, ag dit loutere vreugde, wanneer julle in allerhande beproewings val,

³ met die wete dat die bewys van julle geloof geduld [uithouvermoë, standvastigheid, volharding] kweek,

⁴ en die geduld {volharding en standvastigheid} voltooi die werk, sodat julle volmaak en volledig kan wees [ten volle ontwikkel, sonder enige defekte] en niks kortkom nie.

⁵ En as enige iemand van julle wysheid kortkom, laat hom dit van Adonai vra (wat aan almal oorvloedig gee, sonder verwyf), en dit sal aan hulle gegee word.

⁶ Maar vra in geloof, en moet geensins twyfel nie [geen wankeling of huiwering]. Want hy wat twyfel, is soos 'n golf van die see wat deur die wind gedrywe en heen en weer gegooi word.

⁷ Want laat so 'n persoon nie verwag dat hy enige iets van YHWH sal ontvang nie.

⁸ Die mens wat wisselvallig in gedagtes is [huiwering, twyfelagtig, onoplosbaar], is onbestendig in al sy weë [onseker oor alles wat hy dink, voel, besluit].

⁹ Maar laat die broer wat gering is [nederige omstandighede], roem in sy hoogheid [opheffing as 'n Christen,

¹ Interessant om daarop te let dat in Fisika, "verstrooiing" verwys na die skeiding van wit lig in kleure of enige straling volgens golflengte. In dié konteks, verstrooiing van die Jode (wit lig) tussen die Heidene (al die ander nasies). / Interesting to note that in Physics, "dispersion" refers to the separation of white light into colours or of any radiation according to wavelength. In this context, the dispersion of the Jews (white light) amongst the Gentiles (all other nations).

	<i>geroepe tot ware rykdom en erfgename van Adonai</i>];
¹⁰ and he who is rich, in his low status, because as the flower of the grass he shall pass away.	¹⁰ en hy wat ryk is, in sy lae status (<i>geringheid</i>) [<i>behoort te roem deur sy menslike swakheid te toon</i>], want net soos 'n blom van die gras sal hy ook vergaan.
¹¹ For the sun is no sooner risen with a burning heat, but it withers the grass, and its flower falls, and the beautiful appearance of it perishes: so also shall the rich man fade away in his ways.	¹¹ Want die son kom op met sy brandende hitte en laat die gras verdor, en sy blom val af, en die sierlikheid van sy gedaante vergaan: net so sal die ryk mens ook in sy weë vergaan. [<i>Jes 40:6, 7</i>]
¹² Blessed is the man that patiently endures temptation: for when he is tried, he shall receive the crown of life, which the Lord has promised to those that love him.	¹² Geseënd is die mens wat versoeking geduldig verdra: want as hy die toets deurstaan het, sal hy die [<i>oorwinnings-</i>] kroon van die lewe ontvang wat YHWH beloof het aan die wie Hom liefhet.
¹³ Let no one say when he is tempted, I am tempted of God; for God cannot be tempted with evil, neither does he tempt anyone:	¹³ Laat niemand sê, wanneer hy versoek word; Ek word deur Adonai versoek nie; want Adonai kan nie met die kwaad versoek word nie, en self versoek Hy niemand nie:
¹⁴ But each one is tempted, when they are drawn away of their own lust and enticed.	¹⁴ Maar elkeen word versoek as hy deur sy eie begeertes weggesleep en verlei word.
¹⁵ Then when lust has conceived, it brings forth sin; and sin, when it is finished, brings forth death.	¹⁵ Dan, wanneer die begeertes bevrug geraak het, bring dit sonde voort; en sonde, wanneer dit ryp [<i>ten volle volwasse</i>] geword het, bring dit die dood voort.
¹⁶ Do not err, my beloved brethren.	¹⁶ Moenie dwaal [<i>mislei word</i>] nie, my geliefde broers.
¹⁷ Every good gift and every perfect gift is from above and comes down from the Father of lights, with whom is no variableness neither shadow of turning.	¹⁷ Elke goeie gawe en elke volmaakte gawe is van bo af en kom van die Vader van ligte af, by wie daar geen verandering of skaduwee van omkering is nie.
¹⁸ He, of his own will, has begotten us with the word of truth, that we should be the firstfruits of his creatures.	¹⁸ Hy, volgens Sy eie wil, het ons voortgebring deur die woord van die waarheid, dat ons die eerstelinge van Sy wesens moet wees [<i>'n voorbeeld van wat Hy geskep het om vir Homself toegewy te word</i>].
Hearing and Doing the Word	Hoor en Doen die Woord
¹⁹ Therefore, my beloved brethren, let every man be quick to hear, slow to speak, slow to wrath;	¹⁹ Daarom, my geliefde broers, laat elke mens vinnig wees om te hoor, stadig om te praat, stadig om toornig [<i>kwaad</i>] te

	word;
²⁰ for the wrath of man does not work the righteousness of God.	²⁰ want die toorn van 'n mens bewerk nie die geregtigheid van Adonai nie.
²¹ So then, leave all uncleanness and remains of malice and receive with meekness the word ingested within you, which is able to cause your souls to be saved.	²¹ Daarom, doen afstand van alle onreinheid en oorblyfsels van boosheid, en ontvang met sagmoedigheid die woord wat ingeplant [<i>en ingewortel</i>] is in julle [<i>harte</i>], wat in staat is om julle siele te red.
²² But be ye doers of the word, and not hearers only, deceiving your own selves.	²² Maar wees julle daders van die woord en nie net hoorders wat julleself bedrieg nie.
²³ For if anyone hears the word and does not put it into practice, this same is like unto the man beholding his natural face in a mirror:	²³ Want as iemand 'n hoorder van die woord is dit nie in praktyk toepas nie (<i>nie 'n dader nie</i>), dié is soos 'n man wat sy natuurlike gesig in 'n spieël sien:
²⁴ For he considered himself and went his way and in one hour forgot what he was like.	²⁴ Want hy het homself gesien en weggegaan en binne 'n uur vergeet hoe hy gelyk het.
²⁵ But whosoever has looked attentively into the perfect law of liberty and has persevered in it, not being a forgetful hearer, but a doer of the work, the same shall be blessed in their deed.	²⁵ Maar hulle wat diep en aandagtig na die volmaakte wet { <i>Torah</i> } van vryheid kyk en daarin volhard, en nie net 'n vergeetagtige hoorder is nie, maar 'n dader van die werk, hulle sal geseënd wees in wat hul doen [<i>'n lewe van gehoorsaamheid</i>].
²⁶ If anyone among you thinks to be religious and does not bridle his tongue, but deceives his own heart, his religion is vain.	²⁶ As enige iemand onder julle meen dat hy godsdienstig is [<i>vroom die eksterne pligte van die geloof nakom</i>] en sy tong nie in toom hou nie, maar sy hart mislei, is die godsdiens van hierdie mens tevergeefs.
²⁷ The pure and undefiled religion before God and the Father is this, To visit the fatherless and widows in their tribulation and to keep thyself unspotted from this world.	²⁷ Die suiwer en onbesmette godsdiens voor Adonai en die Vader is dié: Om die vaderloses en weduwees te besoek in hulle verdrukking en om jouself vlekkeloos van die wêreld te bewaar { <i>weerhou jouself om deur hierdie wêreld besoedel te word</i> }.
The Sin of Partiality	Die Sonde van Partydigheid
2 My brethren, do not have the faith of our Lord Jesus, the glorious Christ, with respect of persons.	2 My broers, moenie die geloof van onse YHWH, Yahshua die Christus hê [<i>moet geen oormatige bereidwilligheid toon om ander mense te behaag of onderdanig wees, of volgens die uiterlike</i>

oordeel nie] {voorkeurbehandeling}, die heerlike Christus, met respek van mense nie [oordrewe respek vir 'n hoë sosiale posisie of rykdom wat daarop gemik is om te assosieer met sosiale meesters en neerkyk op dié sosiaal minderwaardiges].

²For if a man with a gold ring and in precious apparel comes into your synagogue and a poor person in vile raiment also comes in,

³and ye have respect to him that wears the precious clothing and say unto him, Sit thou here in a good place; and say to the poor, Stand thou there or sit here under my footstool:

⁴Are ye not then judging in yourselves and are become judges of evil thoughts?

⁵Hearken, my beloved brethren, Has not God chosen the poor of this world that they might be rich in faith and heirs of the kingdom which he has promised to those that love him?

⁶But ye have despised the poor. Do not the rich oppress you with tyranny and draw you with violence to the courts?

⁷Do they not blaspheme that worthy name by which ye are called?

⁸If ye truly fulfil the royal law according to the scripture, Thou shalt love thy neighbour as thyself, ye do well;

⁹but if ye have respect to persons, ye commit sin and are accused of the law as rebels.

¹⁰For whosoever shall have kept the whole law, and then offends in one point is made guilty of all.

¹¹For he that said, Thou shalt not commit adultery, said also, Thou shalt not murder. Now if thou commit no adultery, yet if thou commit murder, thou art become a transgressor of the

²Want as daar 'n man met 'n goue ring en kosbare klere in julle sinagoge inkom en daar kom ook 'n arm man in met vuil klere aan,

³en julle toon respek aan die persoon met die kosbare klere aan en sê vir hom, Sit jy hier op die goeie plek; en julle sê vir die arme: Staar jy daar of sit hier onder my voetbank:

⁴Oordeel julle dan nie in julleself [diskrimineer julle nie tussen julle eie mense nie] nie, en het regters van bese gedagtes geword nie [oordeel met verkeerde motiewe]?

⁵Luister, my geliefde broers, het Adonai nie die armes [in die oë] van hierdie wêreld uitverkies om ryk te wees in die geloof en erfename van die koninkryk wat Hy beloof het aan die wat Hom liefhet nie?

⁶Maar julle het die armes verag [beledig, verneder, oneer en toon minagting]. Is dit nie juis die rykes wat julle onderdruk met brutaliteit en julle met geweld voor die regshoue sleep nie?

⁷Is dit nie hulle wat die edele Naam belaster wat oor julle aangeroep is nie?

⁸As julle werklik die koninklike wet volbring volgens die Skrif, Jy moet jou buurman liefhê soos jouself, dan doen julle goed. [Lev 19:18];

⁹maar as julle partydig is [sommiges voor trek], doen julle sonde en word deur die wet beskuldig as rebelle.

¹⁰Want wie die hele wet onderhou, maar in een opsig struikel, het aan almal skuldig geword.

¹¹Want Hy wat gesê het: Jy mag nie egbreek nie, het ook gesê: Jy mag nie moord pleeg nie. As jy nou nie egbreek nie, maar moord pleeg, het jy 'n oortreder van die wet {Torah} geword.

law.

¹²So speak ye and so do as those that shall be judged by the law of liberty.

¹³For judgment without mercy shall be done unto the one that has shown no mercy; and mercy boasts against judgment.

Faith Without Works is Dead

¹⁴My brethren, What shall it profit though someone says that they have faith and do not have works? Shall this type of faith be able to save them?

¹⁵If a brother or sister is naked and destitute of daily food,

¹⁶and one of you says unto them, Depart in peace; be ye warmed and filled; but ye do not give them those things which are needful for the body; what shall it profit them?

¹⁷Even so faith, if it does not have works, is dead in and of itself.

¹⁸But someone may say, Thou hast faith, and I have works; show me thy faith without thy works, and I will show thee my faith by my works.

¹⁹Thou believest that God is one; thou doest well; the demons also believe and tremble.

²⁰But, O vain man, dost thou desire to know that faith without works is dead?

²¹Was not Abraham our father justified by works when he offered his son Isaac upon the altar?

[Eks 20:13, 14; Deut 5:17, 18]

¹²So spreek julle en doen dan soos diegene wat veroordeel word deur die wet van vryheid [die morele instruksie deur Christus gegee is, veral aangaande die liefde] {hou dan aan om te praat en te doen soos mense wat veroordeel word deur 'n Torah wat vryheid bring}.

¹³Want oordeel sonder genade sal gedoen word aan die een wat geen genade bewys het nie; en genade roem teen die oordeel {genade wen uit veroordeling}.

Geloof Sonder Werke is Dood

¹⁴My broers, Wat baat dit as iemand sê dat hy geloof het, maar hy het nie die werke {om dit te bewys} nie? Sal dié tipe geloof instaat wees om hulle [siele] te red?

¹⁵As daar nou 'n broer of suster naak is en 'n gebrek het aan daaglikse voedsel,

¹⁶en een van julle sê vir hulle: Gaan heen in vrede {Shalom}, word warm en versadig; maar julle gee hulle nie wat vir die liggaam nodig is nie; wat sal dit hulle baat?

¹⁷Net so is die geloof ook, as dit geen werke het nie [dade en optrede van gehoorsaamheid om dit te staaf], is dit in en van sigself dood.

¹⁸Maar iemand mag dalk sê: Jy het die geloof en ek die werke; wys my jou geloof sonder werke, en ek sal jou my geloof uit my werke [gehoorsaamheid] wys.

¹⁹Jy glo dat Adonai één is; jy doen goed; die demone glo dit ook, en hulle sidder [in terreur en afgryse soos 'n man se hare laat rys en die oppervlak van sy vel laat saamtrek].

²⁰Maar, O verwaande [onproduktiewe, geestelik gebrekkige] mens, begeer jy om te weet dat geloof sonder werke dood [onaktief, oneffektief en waardeloos] is?

²¹Was Abraham, ons vader, nie deur werke geregverdig toe hy Isaac, sy seun, op die altaar geoffer het nie?

- [Gen 22:1- 14]
- ²² Dost thou not see how the faith worked together with his works, and the faith was complete by the works?
- ²³ And that the scripture was fulfilled which saith, Abraham believed God, and it was imputed unto him for righteousness, and he was called the Friend of God.
- ²⁴ Ye see then how that by works a man is justified, and not only by faith.
- ²⁵ Likewise also was not Rahab the harlot justified by works, when she received the messengers and sent them out another way?
- ²⁶ For as the body without the spirit is dead, so faith without works is dead also.

Taming the Tongue

3 My brethren, make not unto yourselves many teachers, knowing that we shall receive the greater condemnation.

² For we all offend in many things. If any man offends not in word, the same is a perfect man, and able also to govern the whole body with restraint.

³ Behold, we put bits (or restraint) in the horses' mouths to persuade them, and

- ²² Sien jy nie hoe die geloof het met sy werke saamgewerk het nie, en die geloof was deur die [goeie] werke voltooi [geïmplementeer] nie?
- ²³ En die Skrif was vervul wat gesê het: En Abraham het Adonai geglo [*Hom aangehang, vertrou en op staat gemaak*], en geregtigheid was aan hom toegereken [*as ooreenstemming met Adonai se wil in gedagte en daad*], en hy was die Vriend van Adonai genoem. [Gen 15:6; 2 Kron 20:7; Jes 41:8]
- ²⁴ Sien julle dan nou dat die mens geregverdig [*in regte verhouding met Adonai verklaar*] word uit die werke en nie alleen uit die geloof nie [*deur werke van gehoorsaamheid sowel as wat hy glo*] {word geregverdig verklaar op grond van aksies}?
- ²⁵ Eweneens, was Ragab die prostituut nie ook net so geregverdig deur werke, toe sy die boodskappers ontvang en met 'n ander pad weggestuur het nie? [Jos 2:1-21]
- ²⁶ Want net soos die liggaam sonder gees dood is, net so is geloof sonder die werke ook dood.

Tem die Tong

3 My broers, moenie onder julle self baie leermeesters maak nie [*self aangestelde sensorskap om ander te berispe*], omdat julle weet dat ons [*leermeesters*] 'n groter [*hoër standaard*] oordeel sal ondergaan {meer ernstig beoordeel word} [*en daarom aanvaar ons die groter verantwoordelikheid en die groter veroordeling*].

² Want ons almal struikel dikwels in baie dinge. As iemand in woorde nie struikel nie, is hy 'n volmaakte {volwasse} man, in staat om ook die hele liggaam in toom te hou met selfbeheersing.

³ Kyk, ons sit stange (of temper) in die perde se bekke om hulle te oorrede, en

- we govern their whole body.
- ⁴ Behold also the ships, which though they are so great are driven of fierce winds, yet they are governed with a very small rudder, wherever the governor desires.
- ⁵ In the same manner, the tongue is a very small member and boasts of great things. Behold, how great a forest a little fire kindles!
- ⁶ And the tongue is a fire, a world of iniquity: so is the tongue among our members, that it defiles the whole body and sets on fire the course of our nature; and it is set on fire of hell.
- ⁷ For every nature of beasts and of birds and of serpents and of beings in the sea may be tamed and is tamed by mankind,
- ⁸ but no man can tame the tongue, which is an evil that cannot be restrained and is full of deadly poison.
- ⁹ With it we bless God, even the Father; and with it we curse men, who are made in the image of God.
- ¹⁰ Out of the same mouth proceeds blessing and cursing. My brethren, these things ought not to be so.
- ¹¹ Does a fountain send forth at the same place both sweet and bitter water?
- ¹² Can the fig tree, my brethren, produce olive berries? or the vine, figs? In the same manner no fountain can yield both salt water and fresh.
- Wisdom from Above**
- ¹³ Who is wise and ready among you? let him show out of a good conversation his works in meekness of wisdom.
- ¹⁴ But if ye have bitter envying and strife in your hearts, boast not and do not be liars against the truth.
- ¹⁵ This wisdom is not that which descends from above, but is earthly, natural, diabolical.
- ons beheer hulle hele liggaam daarmee.
- ⁴ Kyk, ook die skepe, alhoewel hulle so groot is en deur hewige winde voortgedryf word, nogtans word hulle gestuur met 'n baie klein roer net waarheen die stuurman wil.
- ⁵ Net so is die tong ook 'n klein ledemaat en roem hom op groot dinge. Kyk hoe 'n klein vuurtjie 'n groot woud aan die brand kan steek.
- ⁶ En die tong is ook 'n vuur, 'n wêreld van boosheid: net so is die tong ook onder ons ledemate, dit besmet die hele liggaam en steek die verloop van ons natuur (*karakter*) aan die brand en word uit die hel [*Gehenna*] aangesteek.
- ⁷ Want elke soort natuur (*karakter*) van wilde diere en voëls en kruipende (*slange*) sowel as seidiere mag getem en getem deur die mensdom,
- ⁸ maar niemand kan die tong tem nie, dit is 'n boosheid wat onbedwingbaar [*rusteloos, ongedissi-plineerd en onversoenbaar*] is, en is vol dodelike gif.
- ⁹ Met dit loof ons Adonai, selfs die Vader, en met dit vervloek ons mense, wat in die beeld van Adonai gemaak is.
- ¹⁰ Uit dieselfde mond kom seën en vervloeking. My broers, hierdie dinge behoort nie so te wees nie.
- ¹¹ Laat 'n fontein uit dieselfde plek vars en bitter water opborrel?
- ¹² Kan 'n vyeboom, my broers, olywe voortbring? of 'n wingerdstok vye? Net so kan geen fontein brak en vars water voortbring nie.
- Wysheid van Bo**
- ¹³ Wie is wys en verstandig onder julle? laat hom uit 'n goeie gesprek sy werke in sagmoedige wysheid toon.
- ¹⁴ Maar as julle bittere afguns en twis in julle hart het, moenie roem en lieg teen die waarheid nie.
- ¹⁵ Hierdie wysheid is nie wat van bo af kom nie, maar is aards, natuurlik (*dierlik*) [*ongeestelik*], diabolies (*kenmerkend van die duiwel, of so boos*)

	om die duiwel te onthou, demonies of satanies);
¹⁶ For where there is envy and contention, there is confusion and every perverse work.	¹⁶ want waar afguns [<i>jaloesie</i>] en twis [<i>selfsug, wedywering, selfsugtige ambisie</i>] is, daar is verwarring [<i>onrus, disharmonie, rebellie</i>] en alle perverse [<i>bose, veragtelike</i>] werke [<i>praktyke</i>].
¹⁷ But the wisdom that is from above is first pure, then peaceable, modest, benevolent, full of mercy and of good fruits, not judgmental, unfeigned.	¹⁷ Maar die wysheid van bo is ten eerste rein [<i>onbesmet</i>], dan vredevol, beskeie, welwillend, vol genade en van goeie vrugte, nie veroordelend nie en ongeveer [<i>vry van twyfel, huiwering en valsheid</i>] {sonder enige skynheiligheid}.
¹⁸ And the fruit of righteousness is sown in peace unto those that make peace.	¹⁸ En die vrug van die geregtigheid [<i>ooreenstemming aan Adonai se wil in gedagte en daad,</i>] word gesaai [<i>is die vrug van die saad wat gesaai word</i>] in vrede vir die wat vrede maak [<i>in hulle self en in ander, vrede wat beteken harmonie en individuele wat tussen mekaar saamstem, met onversteurnis in 'n vreedsame verstand, vry van enige vrese en van omgekrapte passies en morele konflik</i>].

Warning Against Worldliness

4 Where do the wars and disputes come from among you? From here that is to say, of your lusts which fight in your members?

² Ye covet and have not; ye murder, and have envy and cannot obtain; ye fight and war and have not that which ye desire because ye ask not.

³ Ye ask and receive not because ye ask amiss, that ye may consume it upon your pleasures.

Waarskuwing Teen Wêreldsgesindheid

4 Waar kom die oorloë en geskille [*rusies en vyandskap*] onder julle vandaan? Van hier af, dit is om te sê, van julle welluste {*binne in julle*} wat in julle ledemate stryd voer?

² Julle begeer [*wat ander het*] en julle het nie, [*julle begeerte is onvervuld*] julle pleeg moord [*om te haat is om moord te pleeg sover dit julle harte aangaan*] en het afguns en kan niks verkry nie [*bevredig, vergenoegdheid en die geluk wat julle soek*]; julle veg en maak oorlog en julle het nie wat julle begeer nie, omdat julle nie vra nie. [1 Joh 2:15]

³ Julle bid en julle ontvang nie, omdat julle verkeerd [*met verkeerde doel en bese, selfsigte motiewe*] vra, om dit in julle welluste deur te bring [*spandeer dit op sensuele genot*] {*selfsugtige*

	<i>begeertes te bevredig</i>).
⁴ Ye adulterers and adulteresses, know ye not that the friendship of the world is enmity with God? Whosoever therefore that desires to be a friend of the world, makes himself the enemy of God.	⁴ Julle egbrekers en egbreeksters [<i>julle is soos ontroue vroue wat onwettige liefdesake met die wêreld het en verbreek julle huweliksgelofte met Adonai</i>], weet julle nie dat die vriendskap van die wêreld vyandskap teen Adonai is nie? Elkeen wat daarom 'n vriend van die wêreld wil wees, maak homself die vyand van Adonai.
⁵ Do ye think that the scripture says in vain, The spirit that dwells in us lusts to envy?	⁵ Dink julle dat die Skrif tevergeefs sê: Die gees wat in ons woon begeer tot afguns [<i>begeer met jaloesie</i>]? [Jer 3:14; Hos 2:19]
⁶ But he gives greater grace. Therefore he says, God resists the proud, but gives grace unto the humble.	⁶ Maar Hy gee groter genade [<i>krag van die Heilige Gees om hierdie bese neigings en alle ander ten volle te voorkom</i>]; daarom sê Hy, Adonai weerstaan die hoogmoediges, maar gee genade aan die nederiges [<i>dié wat nederig genoeg is om dit te ontvang</i>]. [Spr 3:34]
⁷ Submit yourselves, therefore, to God. Resist the devil, and he will flee from you.	⁷ Onderwerp julle self, daarom, aan Adonai. Weerstaan [<i>staan vas teen hom</i>] die duiwel, en hy sal van julle af wegvlug.
⁸ Draw near to God, and he will draw near to you. Cleanse your hands, ye sinners; and purify your hearts, ye double minded.	⁸ Nader tot Adonai, en Hy sal tot julle nader. Reinig die hande, julle sondaars, en suiwer die harte [<i>van geestelike egbreuk</i>], julle wat wisselvallig in gedagtes is.
⁹ Be afflicted and mourn and weep; let your laughter be turned to mourning and your joy to heaviness.	⁹ Wees geteister en treur en ween [<i>huil oor julle dislojaliteit</i>]; Laat julle gelag in rou verander en julle blydskap in bedruktheid { <i>somberheid</i> }.
¹⁰ Humble yourselves in the sight of the Lord, and he shall lift you up.	¹⁰ Wees onderdanig (<i>nederig</i>) [<i>gevoel van onbelangrik</i>] in die aangesig van YHWH, en Hy sal julle verhoog [<i>Hy sal jou lewe belangrik maak</i>].
¹¹ Murmur not against one another, brethren. He that speaks evil of his brother and judges his brother, speaks evil of the law and judges the law; but if thou judge the law, thou art not a keeper of the law, but a judge.	¹¹ Murmureer nie teenoor mekaar nie, broers. Hy wat kwaad praat van sy broer en sy broer veroordeel, spreek kwaad van die wet en oordeel die wet { <i>Torah</i> }; maar as jy die wet oordeel, is jy nie 'n dader van die wet { <i>Torah</i> } nie, maar 'n regter.
¹² There is one lawgiver, who is able to save and to destroy: who art thou to judge another?	¹² Daar is net een Wetgewer, wie by magte is om te red en te vernietig: wie is julle dan om ander te oordeel?

Boasting About Tomorrow

¹³ Come now, ye that say, Today and tomorrow we will go into such a city and continue there a year and buy and sell and get gain;

¹⁴ and ye do not know what shall be tomorrow. For what is your life? Certainly it is a vapour that appears for a little time and then vanishes away.

¹⁵ Ye ought to say instead, If the Lord wills, and if we live, we shall do this or that.

¹⁶ But now ye boast in your arrogance; all such glory is evil.

¹⁷ Therefore sin is still in the one that knows to do good and does not do it.

Warning to the Rich

5 Come now, Oh ye rich, weep and howl for your miseries that shall come upon you.

² Your riches are rotten, and your garments are moth-eaten.

³ Your gold and silver is corrupted with rust; and the rust of them shall be a witness against you and shall completely eat your flesh, as fire. Ye have heaped treasure together for the last days.

⁴ Behold, the hire of the labourers who have reaped your fields (which you have kept back by fraud) cries out; and the cries of those who have reaped have entered into the ears of the Lord of the hosts.

⁵ Ye have lived in pleasure on the earth and been wanton; ye have refreshed your hearts, as in the day of slaughter of sacrifices.

⁶ Ye have condemned *and* murdered the just, *and* he does not resist you.

Spog oor Môre

¹³ Kom nou, julle wat sê: Vandag en môre sal ons na daardie 'n stad toe gaan en 'n jaar lank daar deurbring en handel drywe en wins maak;

¹⁴ en julle weet nie eens wat môre sal gebeur nie. Want wat is jou [*die natuur van die*] lewe? Dit is sekerlik soos dampe wat vir 'n kort tydjie verskyn en daarna verdwyn.

¹⁵ Julle behoort eerder te sê, As YHWH wil en as ons lewe, dan sal ons dit of dat doen.

¹⁶ Maar nou roem julle in jul hoogmoed; al sulke roem is boos.

¹⁷ Daarom is sonde steeds in die een wat weet wat goed is om te doen en dit nie doen nie.

Waarskuwing aan die Rykes

5 Kom nou, julle rykes, ween en huil oor die ellendes wat oor julle sal kom.

² Julle [*oorvloedige*] rykdom is bedorwe, en julle [*baie*] klere is deur die motte verniel.

³ Julle goud en silwer is met roes beskadig; en die roes van dit sal 'n getuigenis teen julle wees en sal julle vlees verteer soos 'n vuur. Julle het skatte opgehoop vir die laaste dae.

⁴ Kyk, die loon van die arbeiders wat julle lande afgeoes het (wat deur julle agtergehou is deur bedrog), roep uit; en die geroep van die maaiers het die ore van YHWH van die leërskaare bereik.

⁵ Julle het op die aarde 'n weelderige en losbandige lewe gelei; julle het jul harte vet gevoer soos op 'n slagdag van offers.

⁶ Julle het die regverdige [*onskuldige man*] veroordeel en vermoor en hy versit hom nie teen julle nie.

Patience in Suffering

⁷ Be patient, therefore, brethren, unto the coming of the Lord. Behold, the husbandman waits for the precious fruit of the earth, waiting patiently until it receives the early and latter rain.

⁸ Be ye also patient and confirm your hearts, for the coming of the Lord draws near.

⁹ Complain not one against another, brethren, that ye not be condemned: behold, the judge stands before the door.

¹⁰ Take, my brethren, the prophets, who have spoken in the name of the Lord, for an example of suffering affliction, and of patience.

¹¹ Behold, we count blessed those who endure. Ye have heard of the patience of Job and have seen the end of the Lord, that the Lord is very merciful, and full of compassion.

¹² But above all things, my brethren, do not swear by heaven or by the earth or by any other oath, but let your yes be yes and *your* no, no; lest ye fall into condemnation.

The Prayer of Faith

¹³ Is anyone among you afflicted? let them pray. Is anyone happy? let them sing.

¹⁴ Is any sick among you? let him call for the elders of the *congregation* [Gr. *ekklesia* — called out ones]; and let them pray for him, anointing him with oil in the name of the Lord;

¹⁵ and the prayer of faith shall cause the one who is sick to be saved, and the Lord shall raise him up; and if he has committed sins, he shall be forgiven them.

¹⁶ Confess *your* faults one to another and

Geduld in Lyding

⁷ Wees geduldig, daarom, broers, tot die wederkoms van YHWH. Kyk, die landbouer wag op die kosbare vrug van die aarde, wag geduldig totdat dit die vroeë en die laat reën ontvang het.

⁸ Wees julle dan ook geduldig en versterk julle harte, want die wederkoms van YHWH is naby.

⁹ Moenie teenoor mekaar kla nie, broers, sodat julle nie veroordeel word nie: kyk, die Regter staan voor die deur.

¹⁰ Neem as voorbeeld my broers, die profete, wie in die Naam van YHWH [as Sy boodskappers] gespreek het, as 'n voorbeeld van lyding van pyn [*moeilikheid, swaarkry*], en van geduld.

¹¹ Kyk, ons reken hulle geseënd die wie [*standvasgtig*] volhou. Julle het gehoor van die geduld van Job, en julle het die einddoel van YHWH met hom gesien [*hoe Hy hom aan die einde geseën het*], dat YHWH vol genade en deernis is. [Job 1:21, 22; 42:10; Ps 111:4]

¹² Maar bo alles, my broers, moenie sweer nie, nie by die hemel nie, ook nie by die aarde nie en ook geen ander eed nie, maar laat julle ja, ja wees en julle nee, nee, sodat julle nie onder 'n oordeel val nie.

Die Gebed van Geloof

¹³ Is daar enige iemand onder julle verdruk [*onregverdig behandel, kry swaar*]? laat hom bid. Is enige iemand opgeruimd? Laat hom psalmsing.

¹⁴ Is daar enige iemand onder julle siek? Laat hom die ouderlinge {*gemeente leiers*} [*geestelike adviseurs*] van die gemeente [*ekklesia* - *uitgeroepes*] inroep, en laat hulle vir hom bid, en salf met olie in die Naam van YHWH;

¹⁵ en die gebed van geloof sal die sieke red, en YHWH sal hom oprig; en as hy sonde gedoen het, sal dit vergewe word.

¹⁶ Bely julle foute [*valse stappe*,

pray one for another that ye may be whole. The effectual prayer of the righteous *is* very powerful.

oortredings en sondes] teenoor mekaar en bid vir mekaar, sodat julle heel kan word [*tot 'n geestelike toon van verstand en hart*]. Die doeltreffende gebed van 'n regverdige is baie kragtig.

¹⁷ Elijah was a man subject to passions like unto ours, and he asked in prayer that it might not rain, and it did not rain on the earth for three years and six months.

¹⁷ Elia was 'n mens onderhewig aan passies net soos ons, en hy het ernstig gebid dat dit nie moes reën nie, en dit het drie jaar en ses maande lank nie op die aarde gereën nie. [1 Kon 17:1]

¹⁸ And he prayed again, and the heaven gave rain, and the earth brought forth her fruit.

¹⁸ En hy het weer gebid, en die hemel het reën gegee en die aarde het haar vrug laat uitspruit.

¹⁹ Brethren, if any of you have erred from the truth, and someone should convert him;

¹⁹ Broers, as een onder julle van die waarheid afgedwaal het en iemand het hom tot bekering gebring;

²⁰ let *that one* know, that whosoever causes the sinner to convert from the error of his way shall save a soul from death and shall cover a multitude of sins.

²⁰ laat hom weet dat die een wat 'n sondaar van sy dwaalweg bekeer het, het 'n siel uit die dood red en 'n menigte sondes sal bedek word.